Geagte ouers en leerders

In hierdie onseker tye is dit belangrik dat ons steeds met u kommunikeer.

Akademie

In die eerste plek wil ons vir elke leerder sterkte toewens met die onbekende wyse waarop akademiese werk afgehandel moet word. Leerders en ouers moet hulself verwittig van inligting wat op D6 en amptelike WhatsApp groepe van die skool geplaas word. Hou gerus ook die skool se Facebook-blad dop.

Dit is van kardinale belang dat ouers leerders bystaan in terme van akademie en moet ten volle beheer uitoefen.

Jaarprogram

Ek dink u as gemeenskap kan besef dat daar tans geen aankondigings rondom datums gemaak kan word nie. Ons is afhanklik van die amptelike besluite van die Departement van Onderwys.

Finansiële verpligtinge

Ouers moet daarop let dat finansiële verpligtinge steeds nagekom moet word. Die skool se dag tot dag verantwoordelikhede moet steeds nagekom word.

Slot

Ons weet ons krag en oplossings lê by ons Hemelse Vader. Ons bid vir elke gesin van Hoërskool Fichardtpark en glo dat ons almal sterker uit hierdie moeilike omstandighede sal tree.

Bly tuis en bly gesond

Fichie- groete

H van der Merwe

Skoolhoof